

NG Kerk steek hand uit en gee droogtehelp

Die ergste droogte in menseheugenis. Koerantopskrifte, video's en foto's van die droogte het mense oral in die land aan die hart gegryp. Boere, plattelanders, rykes, armes, self stedelinge wat nooit oor water dink nie en dit onnadenkend as alledaags en vanselfsprekend veronderstel, is geraak. Die droogte wat Suid-Afrika in sy El Nino-wurg-greep het, het dié keer die hele land geruk.

Wat gebeur met 'n mens as jy die kraan oopmaak en daar kom geen water uit nie? Wat gebeur met 'n boer wat daagliks sien hoe sy diere verhonger en sterf, hoe die grond en weiding agteruitgaan?

Wat gebeur met 'n mens as jy biduur hou saam met ander gelowiges en elke dag opstaan en na die lug kyk? Hoe versoen jy jou gebede en verwagting van God as jy daarmee saam ook twee, drie keer per dag na die weervoorspelling op die nuus luister en op die internet kyk, en elke keer kom die voorspelling, selfs 10 dae vooruit, dat geen reën op pad is nie, net versengende hitte?

Wat doen dit aan jou as dit reën, maar net langs jou plaas op die buurman se grond — "jaloersreën" soos die boere dit noem?

Wat doen jy met die teleurgestelde verwagting ná jy die hele dag die wolke biddend en verlangend dopgehou het, en niks gebeur nie?

Gedurende dié droogte het NG kerk-lidmate dwarsoor die land in beweging gekom. Mense het oraloor dinge begin doen om betrokke te raak.

'n Boer van Senekal, lidmaat van die NG Kerk wat die Sondag toe die dorp se krane onaangekondig droog was, ná die erediens sy trekker neem, die watertenk volmaak met sy plaas se boorgatwater en dorp toe ry sodat die hele dorp kan water kry.

Stedelinge, mans, vrouens en kinders begin waterbottels volmaak en organiseer om water by die dorpe en plekke te kry waar die krane eenvoudig droog geraak het.



Leon Venter se grootste belangstelling is die verskuiwende aard en rol van geestelike leierskap in die 21ste eeu.

Mense begin spontaan in groepe organiseer, maak telefoonoprope oor en weer, sakeondernemings betaal kontantbedrae in, vervoermaatskappye en kruideniersgroepe bied hulle hulp en logistieke vermoë van vervoer gratis aan.

Gemeentes raak betrokke en stel hulle eiendomme en organisasievermoë tot beskikking van die hele gemeenskap.

Dominees begin leiersrolle in hulle gemeenskap speel en organiseer en werk saam met die munisipaliteite en ondernemings om 'n daadwerklike verskil te maak.

Omvang besef

Die gemeentes Hartenbos en die Riversdal-Wes besef die omvang en reikwydte en impak van die droogte. Spontaan begin hulle organiseer.

Riversdal-Wes se boere het voer om te gee, maar het geld nodig om die vervoer te betaal. Geld begin invloei – 'n herhaling van die brood-en-vissiesverhaal.

Uiteindelik is daar nie meer voer in die distrik oor wat gestuur kan word nie. Toe betaal die gemeente onder leiding van ds Deon Beyers in Mei hulle laaste R25 000 vervoergeld oor aan Kroonstad om te help om by 'n aftreeoord in dié droogte-geteisterde Vrystaatse dorp boorgate te bekostig.

In Hartenbos vind daar op Kersdag 'n insameling plaas met die doel om dit vir Agri-SA se droogtefonds te gee. R52 400 word op een oggend ingesamel.

Ds Dawid de Wet, voorsitter van die Diensgroep Armoede en Sorg, versoek die Wes-Kaap Sinode om 'n bydrae uit die sinodale rampfonds te maak. So word 'n NG Droogtehelpfonds begin wat met Agri SA saamwerk. Die Wes-Kaap Sinode self dra R200 000 by. 'n Mikpunt van twee miljoen rand word gestel.

Die moderator, Nelis Janse van Rensburg, het die daaropvolgende Sondag die fonds op RSG se Sondagjoernaal bekend gestel. Binne drie dae is boonop 'n webtuiste www.ngdroogtehelp.co.za geregistreer om gereed te wees die Sondagoggend toe die bekendstelling uitgesaai word.

Die algemene sekretaris van die Algemene Sinode, dr Gustav Claassen, het verhoudings met Agri-SA begin ontwikkel om die NG Kerk se ondersteuning en hulp aan te bied. Die nuus van die stigting van die droogtefonds word per e-pos aan alle gemeentes en dominees in die Wes-Kaap bekendgestel en later aan alle dominees en kerkrade landwyd. Binne 40 dae word die twee miljoen rand-kerf bereik, en 'n nuwe mikpunt van drie miljoen rand gemaak. Sedert Januarie 2016 tot Mei 2016 groei die fonds tot R3 564 000.

Tot op hede is reeds R1 760 019 vanuit die NG Droogtehelpfonds aan 23 gemeentes uitbetaal. Dit is vir hulp aan boere met veevoer, die sink van boorgate by gemeentes, aftreeoorde en 'n kindershuis en die oprigting van watertens en pompe om gemeenskappe te help.

Versoeke om droogtehelp het aanvanklik traag begin. Dominees was onseker of dit regtig waar is dat hulle kan aansoek doen vir geld om te spandeer in hulle gemeenskap om droogtehelp te verleen.

Die hantering van die fondse word gedoen volgens die riglyn dat ons gemeentes in staat wil stel om hulle gemeenskap te dien. Geld word nie aan buite-instansies of individue betaal nie. Dit help om 'n ouditspoor op die aanwending van die geld te behou.

Na bl 18

Wat het ons in die proses geleer?

Wat het ons in die proses geleer?

Die NG kerk is 360 jaar oud, groot en uitgestrek, naby alle gemeenskappe in Suid-Afrika. Dit het 'n reikwydte oor die hele land.

Mense se harte en hande is oop. Hulle vermoë om te organiseer en hulp te verleen, is waarskynlik van die beste in die land. Sinodes kan saamwerk en mense mobiliseer as dit oor die regte sake gaan.

Die vraag is: Hoe neem ons die momentum van die lesse wat ons geleer het uit die saamwerk en welwillendheid verder? Hoe ontwikkel ons 'n gedeelde droom en samehangende projekte vir ons uitdagende land? Hoe kom ons in pas met God wat reeds in gemeenskappe werksaam en teenwoordig is?

Hoe kom ons verby ons verdelende gesprekke en besluite sodat ons een-dragtig saam kan fokus op die uitdagings wat ons in Suid-Afrika moet aanpak? Hoe breek ons deur 'n kultuur van spanning en konflik, van vrees en onsekerheid, van wantroue en verdediging?

Hoe skep ons 'n samesnoerende

identiteit, en hoe ontwikkel ons projekte wat hierdie kerkidentiteit bevestig en verder neem? Hoe neem ons dit verby teologiese begrippe en sosiale konsepte wat in akademiese gesprekke genuanseerd kommunikeer, maar kragteloos is in ons sosiale konteks waar mense van vlees en bloed, emosies, vrees en vooroordele is?

Die krisis van die droogte het die ware gesig van die NG Kerk na vore laat sien.

Hoe benut ons as leiers die landswye beweging van sorg en omgee om betrokke te wees en 'n verskil te maak? Hoe identifiseer ons verdere saambindende sosiale projekte wat tot voordeel van alle mense in Suid-Afrika is? Hoe laat ons die boodskap van die welwillendheid en potensiaal vir alle mense in Suid Afrika bekend word?

Ons kan nie tevrede wees om teologiese begrippe soos geregtigheid, gelykheid en menswaardigheid in toesprake en skrywes te gebruik, wat nie terselfdertyd omgesit word in konkrete projekte tot voordeel van die gemeenskappe waarin NG gemeentes is nie.

Ons moet leer om kollektief ons

hand in konkrete projekte te plaas wat hierdie begrippe lyf gee, projekte wat dit laat gebeur.

Mense kon dit ondervind met water wat hulle in kerksale en op kerkpersele kon gaan haal en uit die watertens van gelowige lidmate ontvang – lidmate wat hulle trekkers aangeskakel en watertens aangery het, wat stadig deur die armste woonbuurtes beweeg en gestop het sodat vroue en kinders water kon kry om te drink, kosmaak en lewe.

Konkrete projekte word alreeds op groot skaal deur maatskaplike dienste in al die sinodale gebiede gedoen. Ons moet egter steeds leer om dit beter te doen, beter te kommunikeer, verbeeldingryk te wees.

Water is lewe. Water is die simbool van God se liefde en genade en aanvaarding. Hierdie droogte het ons aan ons broosheid en blootgesteldheid kom herinner, aan ons diepe afhanklikheid en ons onderlinge verbondenheid.

Mag die geestelike en lewegewende water wat uit die fondasie van die kerk vloeï, op al die plekke waar dit kom lewe bring! Mag die stroom dieper word en vrug lewer ... !

Die Winburg-watergebeurtenis wys God in aksie

waslap afvee en klere 'n paar kere ná mekaar aantrek en in 'n klein bietjie water uitspoel. Maar as jy nie jou toilet kan spoel nie, is daar gou 'n gemors. Daarvoor het jy minstens 10 liter op 'n slag nodig.

Waar loop 'n dorpenaar of stedeling 'n draai? In skole en koshuise word

hierdie uitdaging baie gou 'n reuse-krisis. Bowendien, as rioolpype nie gereeld voldoende water kry nie, verstop dit gou.

Daarom moet ons land se watersituasie baie dringend en eerlik onder oë geneem word. Dapper stappe om méér water op te gaar, dit méér effektief te gebruik en

méér te spaar, moet eerder gouer as later geneem word.

Die kerk kan met sy wye invloed in die gemeenskap 'n groot rol speel om mense meer waterwys te maak. Dit gaan immers oor die voortgesette bewoonbaarheid van 'n aarde wat ons God vir ons bewoonbaar gemaak het.



Spanwerk om 'n vrag waterbottels af te laai.